

# Voorbeeld van 'n toets

## Afrikaans Huistaal Graad 8

Tyd: 1 uur

Totaal: 50 punte

### Instruksies

Werk netjies en deeglik.

Deel die tyd in volgens die puntetoekenning:

Begripslees – 30 minute

Taalstrukture – 30 minute

## Afdeling A: Leesbegrip

Bestudeer die volgende visuele en geskrewe tekste en beantwoord die vrae wat daarvoor gestel is.

### VRAAG 1: Advertensie

#### Kat red gesin van vyf

Die Robinson-gesin is deur 'n pienk kat voor 'n gewisse dood weggeraap. Waar dit oorgehaal gesit het op die plafon van hul huis in Randburg, het dit gehelp om te verhoed dat 'n brand, wat in die waskamer ontstaan het, na die res van die huis versprei. Dit het geweier om te brand, en het sodoende bygedra om die brand te beperk en 'n katastrofe te voorkom. So, as jy jou gesin veilig wil hou, volg die Robinsons se voorbeeld en sit 'n kat in 'n warm sinkdak ... installeer Think Pink Aerolite, die plafonisolering wat van suiwer spinglas gemaak is wat nie sal brand nie.

Uit *Rapport-Tydskrif*.



### VRAE

1. Dui die verband tussen die titel en die inhoud van die advertensie aan. (2)
2. Watter woord in die eerste sin dui daarop dat dit nie 'n regte kat is wat die mense se lewens gered het nie? (1)
3. Watter eienskap van Aerolite het gekeer dat die brand deur die huis versprei? (1)
4. Haal 'n woord uit die leesstuk aan wat dieselfde beteken as:
  - 4.1 groot ramp (1)
  - 4.2 om iets op te rig (1)
5. Skryf in jou eie woorde wat *plafonisolering* beteken. (2)
6. Die woord *katastrofe* kom in die advertensie voor. Waarom is die gebruik van die woord gepas? (1)

## VRAAG 2: Geskrewe teks

### Pta-baba-ollie slurp harte op

1. Met 'n stertjie van voor én agter steel 'n nege dae oue baba-olifantjie tans die hart van menige besoeker aan die Nasionale Dieretuin in Pretoria.
2. Dié nuweling, 'n Afrika-grasvlakke-olifant, is sover bekend die eerste olifant wat in aanhouding in Suid-Afrika gebore is.
3. Sy is byna twee jaar (22 maande) gelede deur haar ouers, Pumbi (26), 'n wees-olifant oorspronklik van die Krugerwildtuin, en Charlie (30), 'n voormalige sirkusolifant van Zimbabwe, verwek.
4. Sy het nog nie 'n naam nie.
5. By haar geboorte op 21 Maart was sy só klein dat sy nie kon bykom om aan haar ma te suig nie.
6. Dieretuinpersoneel het ingegryp ná sy begin honger ly het en word nou daaglik ten aanskoue van besoekers elke twee ure deur hanteerders met 2l-melkbottels gevoer.
7. Hierna moet daar eers gespeel word en sy hou aan stamp aan die hanteerders totdat dit gebeur.
8. Sy staan so klein soos wat sy is, reeds 'n 91,8 kg sterk.
9. "Sy is baie stout," het meneer Jacob Moeng, een van die olifanthanteerders, gister gesê terwyl hy haar ore moes vryf.
10. Sodra Moeng ophou, tel sy haar voorpoot – nes menige hond – op en vra vir meer.
11. Dierhanteerders en die dieretuin se veeartse hou van naderby 'n ogie oor haar.
12. Vir nou word sy afsonderlik in dieselfde kamp as haar ma en die res van die trop olifante, drie ander wyfies en haar pa, aangehou, sodat kontak steeds behou kan word tussen ma en baba.
13. Sy sal in die volgende paar weke stelselmatig aan die res van die trop voorgestel word totdat hulle haar aanvaar.

Verwerk uit *Beeld*, 31 Maart 2011, bl. 1.

### VRAE

1. Bestudeer die titel van die leesstuk en skryf neer wat met die titel bedoel word. (2)
2. Hoe word die leser betrek by die aanvangswoorde van die leesstuk? (1)
3. Hoe lank is 'n olifantkoei dragtig voordat 'n olifantjie gebore word? Van watter leestegniek het jy gebruik gemaak om die antwoord te vind? (2)
4. Wat was moontlik die rede waarom Pumbi, die ma-olifant, aan die dieretuin geskenk is? (1)
5. Waarom moes die dieretuinpersoneel die olifantjie voer? (1)
6. Hoeveel bottels melk kry sy per dag? (1)
7. Meneer Jacob Moeng sê dat die olifantjie baie stout is (paragraaf 9). Is dit 'n feit of 'n bewering? (1)
8. Word die olifantjie in dieselfde kamp as haar ma aangehou? Motiveer jou antwoord. (2)

[11]

Totaal Afdeling A: 20 punte

## Afdeling B: Taalgebruik

### Vraag 3

Beantwoord die taalvrae wat na die leesstuk volg.

#### “Uitgestorwe” seekoei weer in Liberië opgemerk

1. Dit blyk uit 'n onlangse studie dat die dwergseekoei wat vroeër as uitgesterf aangeteken is, steeds in die woude van Liberië leef – en daar is foto's om dit te bewys.
2. Dié dwergseekoeie wat nou aan die gewone seekoei verwant is, het reeds twee burgeroorloë en grootskaalse ontbossing en stropery in dié Wes-Afrika staat oorleef.
3. Grootskaalse stropery kom steeds in die woude voor.
4. Volgens 'n verklaring vroeër die week op die Londonse soölogie-gemeenskap se webwerf, het die organisasie se afvaardiging tesame met die Liberiese bosbou-ontwikkelingsagentskap onlangs kameras in die Sapo-nasionale park in die suidelike Sinoe-provinsie in Liberië aangebring om die diere te monitor.
5. Van die dwergseekoeie is reeds binne die eerste vyf uur op film vasgevang.
6. Die dwergseekoeie is kleiner as die gewone seekoeie, maar het nie dieselfde merkbare verskille tussen manlike en vroulike spesies nie.
7. Die dwergseekoei is 'n uitsonderlike geheimsinnige dier wat selde wild gesien word en is aangeteken as 'n spesie wat dringend bewaar moet word.

Verwerk uit *Beeld*, 14 Maart 2008.

#### VRAE

1. Die woord *foto's* (paragraaf 1) is die meervoud van die woord *foto*. Skryf die meervoud neer van die volgende woorde: (3)
  - 1.1 oupa
  - 1.2 olifantkalf
  - 1.3 webwerf
2. Die woord *burgeroorloë* (paragraaf 2) word met 'n deelteken geskryf om 'n nuwe lettergreep aan te dui. Skryf die skuins-gedrukte woorde oor en voorsien van deelttekens waar nodig. (3)
  - 2.1 Die seekoeikalfie se *dieet* bestaan uit allerhande plante.
  - 2.2 Die seekoeikalfie is 'n *pasient* van die veearts.
  - 2.3 Om die dwergseekoeie te bewaar is *finansieel* baie duur.
3. Verdeel die woord *binne* (paragraaf 5) eers in lettergrepe en dan in klankgrepe. (2)
4. Benoem die aksentteken op die woord *dié* in paragraaf 2. (1)
5. *Van die dwergseekoeie is reeds binne die eerste vyf uur op film vasgevang* (paragraaf 5). Gebruik die woord *vyfuur* (as een woord geskryf) in 'n sin sodat die betekenis duidelik na vore kom. (2)
6. Verklaar die gebruik van die komma in paragraaf 2. (2)
7. Is die onderstaande woorde gevorm deur middel van samestelling, afleiding of samestellende afleiding? (2)
  - 7.1 ontbossing (paragraaf 2)
  - 7.2 dwergseekoei (paragraaf 2)

8. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer: Die dieretuin (organisasie) 'n veldtog om geld in te samel vir die dwergseekoei se bewaring. (1)
9. Skryf die vroulike vorm van *seekoei* neer. (1)
10. Skryf uit die paragraaf 4 'n woord neer wat dieselfde beteken as *dierkunde*. (1)
11. Waarom word die woord Wes-Afrika (paragraaf 2) met 'n koppelteken geskryf? (1)
12. Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies neer: Die filmspan het die leefwyse van die dwergseekoei (film). (1)

[20]

#### Vraag 4

Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### JAGLUIPERD – Gebou vir spoed

*Snelheid: 115 km/h*

1. Die jagluiperd is gemaak vir hardloop. Dié diere hardloop vinniger as enige landdier en kan binne drie sekondes van nul tot meer as 100 km/h versnel.
2. Hul unieke pote met halfterugtrekbare kloue help hulle beter vastrap wanneer hulle op vaart is. Ander kenmerke wat hulle so blitsig maak, is groot neusgate vir groter suurstofinname en 'n vergrote hart en longe wat saamwerk om die suurstof doeltreffend te sirkuleer.

Uit *Huisgenoot*, 25 Oktober 2012, bl. 135.

1. Benoem die skryftekens op die woord *dié* in paragraaf 1. (1)
2. Bestudeer die subtitel: *Snelheid: 115 km/h*.
  - 2.1 Skryf die meervoud van die woord *snelheid* neer. (1)
  - 2.2 Waarvoor staan die afkorting *km/h*? (1)
3. Die woord *landdier* kom in paragraaf 1 voor. Waarom word die woord met twee d's gespel? (1)
4. Skryf uit die leesstuk 'n woord neer wat beteken *enig in sy soort*. (1)
5. Is die woord *halfterugtrekbare* (paragraaf 2) 'n voorbeeld van 'n samestelling of 'n samestellende afleiding? (1)
6. Bestudeer die woord *suurstofinname* in paragraaf 2. Uit watter twee woorde is die woord *inname* saamgestel? (1)
7. Dui die korrekte vorm van die woord tussen hakies aan:  
Die (sirkuleer) van die suurstof deur die bloed is belangrik. (1)
8. Die luiperd het groot neusgate. Gebruik die woorde *grote* en *grootte* in twee sinne sodat die betekenis van die woorde duidelik na vore kom. (2)

[10]

Totaal Afdeling B: 30 punte

**Groottotaal: 50 punte**